# 22 April 2023 - Lesing 15 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Sataniese Aktiwiteit gedurende die Eindtyd – 8/4/57

***NO: 6801*** Alle demone sal losgelaat word in die laaste tyd voor die einde. Die hel sal die laagste geeste uitspu en die vors van die duisternis gaan hulle sy gedagtes ingee, sodat hulle vernietigend kan werk op die aarde onder die mense. En julle mense sal julle midde in sy grondgebied bevind en julle sal mettertyd in gevaar wees om deur die helse magte verslind te word. Maar hulle kan julle nie dwing nie. Altyd nog is dit julle wat self hulle bedrywigheid toelaat, maar julle sou julle ook kan verweer teen hulle aanvalle en is waarlik nie onbeskermd aan hulle oorgelewer nie, omdat die goeie geestelike wêreld gereedstaan om julle te help en hulle wag slegs op julle uitroep om hulp om julle te kan bystaan.

Die hel is losgelaat want God se teenstander weet dat hy nie baie tyd meer het nie en hy benut hierdie laaste tyd werklik op elke manier. Baie helse kragte neem besit van die mense as hulle hulself nie verweer nie, veral as hulle hul selfs verheug oor die optrede van die duistere wêreld. Die demone soek om hulle gelykes te beheers, hulle neem hulle liggame in besit en realiseer werklik sataniese dinge. En dit is ook 'n sekere teken van die einde, want hulle het dikwels 'n maklike spel. Die mense gaan al te gewillig op hulle voorstelle in en hulle voer ook gewetenloos uit wat die demone van hulle verlang. Die vors van die duisternis het werklik groot mag oor die mense verkry en daarom word sy aktiwiteite steeds meer openlik, omdat hy glo dat hy die uiteindelike oorwinning in die stryd teen God sal kan behaal.

Daarom sal hy ook alles doen om die mense teen God op te steek en **hy sal nie afgeskrik word om ook hulle te bedreig wat vir God wil werk nie**. Hy sal vir hulle groot probleme gee deur sy handlangers, sodat hulle hul geloof in God sal verloor en hy sal probeer om alle lig te doof wat van God uitgaan, omdat sy verwaandheid geen grense ken nie. En so sal hy hom sodanig baie aanmatig teenoor God, dat die Meester 'n spoedige einde aan sy aktiwiteite sal maak.

Maar die mense word in hierdie stryd betrek en hulle moet hulle daarin gestand doen, want hulle is nie sonder kennis van God se Liefde en Mag nie en hulle kan Hom in elke nood om hulp en beskerming aanroep, wat dan ook verseker aan hulle verleen sal word. Dus hoef geen mens die komende nood en verdrukking van die kant van die duistere wêreld te vrees nie, omdat die weg tot God vir elkeen oopstaan en geen mens gehinder sal word om daarop te gaan nie.

En die demoniese aanslag is ook maklik vir elkeen om te sien en moet oorweeg word en waar 'n goeie wil is, val sulke magte vergeefs aan, omdat die goeie aan God se sy staan **en daarom sal die ligwêreld 'n muur om hulle heen vorm**. Julle mense moet waarlik versigtig wees en altyd waaksaam bly, maar julle hoef nie angstig te wees nie; **want julle goeie wil sal alle gevaar verdryf of afweer.** Daarom hang dit alleen van julleself af waarheen julle hierdie wil rig. Elke blik wat julle in die ryk van die teenstander werp, bemerk sy ondergeskiktes en hulle lok julle steeds meer op hulle terrein nader. **Daarom word groot oplettendheid gebied,** maar al diegene is ook verseker van krag om dit ernstig te weerstaan, indien hulle dit ook ernstig wil.

Julle kan wel in versoeking gebring word, **maar nie gedwing word nie.** Tog sal dit 'n stryd wees en 'n stryd bly vir julle wat aan God getrou wil bly want hy sal tot aan die einde bly probeer. Maar julle kan hom weerstaan en as oorwinnaar tevoorskyn kom, want julle het eweveel beskerming en hulp van God se kant te verwag as wat Sy teenstander invloed op julle sal kry. Maar julle besluit self aan wie julle die grootste reg toeken.

Die aktiwiteite van die hel en sy magte sal oral te herken wees en meer as ooit laat die mense hulle daardeur beheers en gee hulleself daaraan oor. Daarom het die tyd nou gekom waarin God Self aan die aktiwiteite van Sy teenstander 'n einde gaan maak en hom en sy aanhang in kettings slaan, **sodat daar weer vrede kan wees onder die mense wat van goeie wil is.** Amein.

***Mattheus_24:37*** *En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die Adam wees. [Boekrol van Henog 83:9]*

***2Petrus 2***

*1 MAAR daar was ook* ***valse profete*** *onder die volk, net soos daar onder julle* ***valse leraars*** *sal wees wat verderflike ketterye heimlik sal invoer,* ***en ook teen die Meester wat hulle gekoop het, getuig*** *en 'n vinnige verderf oor hulleself bring;*

*2 en baie sal hulle verderflikhede navolg, en om hulle ontwil sal die* ***Weg van die Waarheid gelaster word****;*

*3 en uit hebsug sal hulle met verdigte woorde voordeel uit julle trek. Oor hulle is die oordeel van lankal af nie werkeloos nie, en hulle verderf sluimer nie.*

*4 Want as Elohim die Boodskappers wat oortree het, nie gespaar het nie, maar hulle in die hel gewerp en aan kettings van Duisternis oorgegee het, om vir die oordeel in bewaring gehou te word; [Boekrol van Henog 19:2; 69:28]*

*5 en die ou wêreld nie gespaar het nie, maar Noag, die prediker van Geregtigheid, met sewe ander bewaar het toe Hy die vloed oor die wêreld van die verbasterdes gebring het;*

*6 en deur die stede van Sodom en Gomorra tot as te verbrand, hulle tot ondergang veroordeel het en as 'n voorbeeld gestel het vir die wat in die toekoms sou wou verbaster;*

*7 en die regverdige Lot gered het, wat hom baie gekwel het oor die ontugtige lewe van die besoedelde mense;*

*8 want deur wat hy gesien en gehoor het, het dié regverdige man, wat onder hulle gewoon het, dag vir dag sy regverdige siel gepynig oor hulle wettelose werke -*

*9 **Die Hoogste El weet om die toegewydes uit versoeking te verlos** en die wetsverbrekers te bewaar vir die dag van oordeel om gestraf te word;*

*10 en veral die wat die vlees in vuile begeerlikheid agternaloop en die koningskap verag. Vermetel en aanmatigend, **skroom hulle nie om die koningskinders te belaster nie,***

*11 terwyl die Boodskappers, hoewel groter in sterkte en Krag, geen lasterlike oordeel teen hulle by JaHWeH voortbring nie.*

*12 Maar hulle, **hierdie brute gediertes vanuit die natuur,** gebore om gevang en vernietig te word, uiter besoedelde en lasterlike spraak teen dit wat hulle nie ken nie en sal totaal vernietig word **in hul eie korrupsie.***

*13 en sal die loon van die Ongeregtigheid ontvang. Hulle ag dit weelderig om **oordag oproer te maak**; hulle is **gebrekkig en walglik**, swelgend in hul valsheid as hulle met julle saamsmul;*

*14 **met oë vol verbastering**, wat nie ophou om te oortree nie; hulle verlei onvaste siele, hulle het 'n hart geoefen in hebsug, **hulle is kinders van die vervloeking**.*

*15 Hulle het die regte pad verlaat en verdwaal, en die weg gevolg van Bíleam, die seun van Beor, wat die loon van Ongeregtigheid liefgehad het,*

*16 maar die bestraffing van sy eie oortreding ontvang het: die stom lasdier het met die stem van 'n adamiet gepraat en die waansinnigheid van die waarsêer verhinder.*

*17 **Hulle is waterlose fonteine, miswolke voortgedrywe deur 'n stormwind**, vir wie die donkerheid van die Duisternis vir ewig bewaar word.*

*18 Want deur **trotse woorde vol onsin** uit te spreek, verlok hulle deur begeerlikhede van die vlees en ontugtigheid, dié wat waarlik die mense ontvlug het wat in dwaling wandel.*

*19 **Hulle belowe liberalisme aan hulle**, terwyl hulle self slawe van korrupsie is; want waardeur 'n mens minderwaardig word, daarvan het hy ook 'n slaaf geword.*

*20 Want as hulle, nadat hulle deur die Kennis van die Meester en Verlosser, JaHWèshua die Gesalfde, die besmettinge van die wêreld ontvlug het, hulle tog weer deur hierdie dinge laat verstrik en oorwin word, **dan het vir hulle die laaste erger geword as die eerste.***

*21 Want dit sou vir hulle beter gewees het, as hulle die Weg van Geregtigheid nie geken het nie, as dat hulle, nadat hulle Haar leer ken het, hulle hul **gedistansieer het van die Gebod van Apartheid** wat aan hulle oorgelewer is.*

*22 Maar oor hulle het gekom wat die ware spreekwoord sê: **Die hond het omgedraai na sy eie uitbraaksel, en die gewaste sog om in die modder te rol.** [Spreuke 26:11; JeshaJaH 28:8]*